# Emma en die plantdiewe

Illustrasies: Magriet Brink en Leo Daly
Outeur: Kgosi Kgosi (teks aangepas vir hierdie Groot Boek)

## Kwartaal 3 – Groot Boek 4



Afrikaans

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER



Emma is opgewonde. “Ek wil my eie groente kweek,” sê sy. Haar pappa sê hy sal haar help.

T3_4 Temo and the plant thieves_big book_A.indd 1 2021/11/04 18:30



Eers maak
hulle die
grond los
met 'n
tuinvurk.

Toe plant
hulle wortel-,
tamatie-,
spinasie- en
boontjiesaadjies
en gee dit water.





T3_4 Temo and the plant thieves_big book_A.indd 2 2021/11/04 18:30



Eendag sien Emma 'n gemors in haar tuin. "Mamma! Pappa! Die bokke het my groenteplante geëet!" roep sy.



T3_4 Temo and the plant thieves_big book_A.indd 3 2021/11/04 18:30



Emma en haar pappa bou 'n heining om die tuin. Maar ag nee, die koeie maak die hek met hulle horings oop!



T3_4 Temo and the plant thieves_big book_A.indd 4 2021/11/04 18:30



Emma sit 'n slot aan die hek. Maar nou eet die voëls die plante! Hulle sit 'n net oor die groentetuin.



T3_4 Temo and the plant thieves_big book_A.indd 5 2021/11/04 18:30




Toe die groente gereed is, pluk Emma dit en help haar mamma om 'n heerlike sop vir aandete te maak. Emma voel baie trots.



T3_4 Temo and the plant thieves_big book_A.indd 6 2021/11/04 18:30

Gauteng Education Development Trust

USAID FROM THE AMERICAN PEOPLE

ZENEX FOUNDATION

Wordworks Changing lives through literacy

Nal'ibali IT STARTS WITH A STORY

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Dit is aangepas van die boek *Temo and the plant thieves*, gepubliseer deur Nal'ibali (www.nalibali.org).

This Big Book is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 License (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/)

cc BY NC SA